

Aan U voete

Oorspronklike titel: Aan uw voeten, Heer
Teks en Musiek: Marcel Zimmer
Afrikaanse vertaling: 2005 Faani Engelbrecht
© 1993 Celmar Music

*Aan U voete, Heer, is die beste plek,
daarom kniel ons voor U neer.
Om by U te wees, is die grootste eer,
daarom buig ons voor U neer.*

Ja, ons verkies nou om by U te wees
en om na U te luister.
in plaas van altyd maar weer besig te wees,
kom ons nou tot rus by U.

Aan U voete, Heer, is die beste plek ...

Want ons verlang na u teenwoordigheid, Heer,
om saam te kniel in aanbidding;
in Gees en waarheid waarlik een te wees,
daarom buig ons voor U neer.

Net soos 'n vader wat sy kinders vertroos
ja, so omhels U ons elkeen.
U is 'n Vader wat versorg en beskerm
en ons kom tot rus by U,
en ons kom tot rus by U.